Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# INTERMEDIÊRE FASE

# GRAAD 6

# NOVEMBER 2011

# AFRIKAANS HUISTAAL

**PUNTE:** **50**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A | KYK- EN LEESBEGRIP | 20 |
| AFDELING B | TAAL IN KONTEKS | 15 |
| AFDELING C | SKRYFWERK | 15 |

2. Beantwoord al die vrae.
3. Let noukeurig op spelling en sinskonstruksie.
4. Nommer jou antwoorde korrek soos op die vraestel.
5. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1 TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg:

**Jong Uitvinders: jy kan ook een wees!**

Jy is nou wel nog bloedjonk, maar weet jy wat? Jy kan die wêreld verander – nes die kinders wat van ons planeet se koelste uitvindings uitgedink het.

**YS OP ’n STOKKIE**





Wat is een van die lekkerste dinge om op ’n warm somersdag te eet?
’n Waterroomys, ysie-op-’n-stokkie, waterlollie, ysstokkie! Noem dit net wat jy wil, maar dit bly lekker!
Het jy al ooit gedink waar dit vandaan kom?
Voel jammer vir kinders wat voor 1905 geleef het. Frank Epperson, ’n 11-jarige knaap van San Francisco in Amerika het een aand gaan slaap en ’n mengsel van verpoeierde soda, water en ’n stokkie op sy huis se stoep vergeet. Die temperatuur het daardie nag tot onder vriespunt gedaal en toe hy die volgende oggend wakker word, kry hy die gevriesde lekkerny op ’n stokkie! Dit was ’n groot treffer onder sy skoolmaats en hy het sommer baie sakgeld begin verdien. Hy het seker gemaak niemand kan sy idee steel nie en in 1923 die regte om ysies te maak aan ’n kosmaatskappy verkoop!

Weet jy wat die verskil tussen roomys en ’n ysstokkie is? Roomys se hoofproduk is melk, maar ysstokkies word met water gemaak. Mmm ... hoe lus is ek nou vir my gunsteling waterroomys!

1.1 Wat doen ŉ uitvinder? (1)

1.2 Wat eet kinders graag op ŉ warm somersdag? (1)

1.3 Hoekom moet jy jammer voel vir kinders wat voor 1905 geleef het? (1)

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte LETTER neer:

Frank Epperson, ŉ 11-jarige knaap. Die woord "knaap" beteken ...

A stout seun.
B jong seun.
C slim seun. (1)

1.5 Hoekom was die lekkerny die volgende oggend gevries? (1)

1.6 Waaruit het Frank se ysstokkie bestaan? (1)

1.7 Hoe weet jy Frank se maats het baie van sy ysstokkie gehou?
Skryf EEN WOORD uit die leesstuk as jou antwoord neer. (1)

1.8 Dink jy Frank het geld gemaak as gevolg van sy uitvinding?
Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)

1.9 Wat is die groot verskil tussen ŉ ysstokkie en ŉ roomys? (1)





**[10]**

## VRAAG 2 RESEP

### Suikerbekkie-sosaties

ʼn Suikerbekkie is ʼn voëltjie wat die soet nektar uit blomme suig met sy lang bekkie. Hy kry sy soetigheid uit die natuur – en jy kan ook, sonder om regte suiker te gebruik!

Maak self hierdie Suikerbekkie-sosaties. Vra dat jou onderwyser of ouers jou moet help om die vrugte te skil. Maak ook seker of jy nie allergies is vir een van die bestanddele nie. Sommige mense is allergies vir klapper en neute.

<u>Bestanddele</u>:


- 1 appel
- 1 piesang
- 1 mango
- 6 korrels rooi of wit druiwe
- 1 koppie jogurt (verkieslik laevet)
- ¼ koppie klapper of fyngekapte neute/grondboontjies

<u>Toerusting</u>:

- skerp mes (werk versigtig of vra iemand om jou te help!)
- sosatiestokkies
- 2 groot borde
- ʼn bord om die sosaties op uit te pak

<u>Metode</u>:

- Was die vrugte (nadat jy ook jou hande gewas het!)
- Skil die vrugte as jy wil.
- Sny die vrugte in klein stukkies.
- Sprei die klapper uit in die een bord.
- Gooi die jogurt uit in die ander bord.
- Sit nou die stukkies vrugte op die stokkie totdat die hele stokkie amper vol vrugte is.
- Hou die stokkie aan die kante vas en rol dit in die jogurt totdat dit heeltemal bedek is.
- Rol die stokkie nou in die klapper of neute.




MMMM ... LEKKER EET!

2.1 Hoekom dink jy is die naam van die resep "Suikerbekkie-sosaties"? (1)

2.2 Noem nog EEN ander vrug wat in die sosatie gebruik kan word. (1)

2.3 Waarom sal party mense nie klapper oor hul sosatie eet nie? (1)

2.4 Waarom is dit nodig dat die vrugte gewas moet word voordat dit gebruik word? (1)

2.5 Noem TWEE dinge wat met die mes gedoen moet word. (2)

2.6 Hoekom dink jy beveel die resep laevet joghurt aan? (1)

2.7 Waarom moet die punte van ŉ sosatiestokkie oopgehou word? (1)

2.8 Hoe sal ŉ mens hierdie gesonde vrugte sosatie ongesond kan maak? (1)

2.9 Verduidelik in jou eie woorde wat ŉ sosatie is. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B TAAL IN KONTEKS

## VRAAG 3




3.1 Gee die MEERVOUD van die woord: **taxi.** (1)

3.2 Vervang die woord tussen hakies met ŉ SINONIEM (ŉ ander woord met min of meer dieselfde betekenis).

Almal sien uit na ŉ (**lekker**) Kersvakansie. (1)

3.3 Kies die woord wat REG GESPEL is tussen hakies en skryf net die woord as jou antwoord neer.

Die (**passasiers, pasasiers, pasassiers**) is almal opgewonde om vir Kersfees huis toe te gaan. (1)

3.4 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM:

**Die taxi is altyd laat.** (1)

3.5 Verbind die volgende twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies:

Die bagasie gaan van die dak afval. Dit is nie stewig vasgemaak nie. (**aangesien**) (1)

3.6 Vorm EEN WOORD van die woorde tussen hakies:

As die taxi deur takbokke gesleep word, verminder dit (**lug+besoedel**) (1)

3.7 Skryf die korrekte VOORSETSEL neer wat uitgelaat is.

As jy betyds wil wees, moet jy ... vliegtuig reis. (1)

**[7]**

## VRAAG 4



4.1 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD:

**Die toeris besluit om in Suid-Afrika te gaan kuier.** (1)

4.2 Skryf die volgende vraag oor in die TOEKOMENDE TYD:

**Die passasiers is opgewonde om deur Afrika te reis.** (1)

4.3 Skryf die volgende vraag oor in die INDIREKTE REDE:

Die Suid-Afrikaner vra: "Het jy al deur die wêreld getoer?"

Begin so: **Die Suid-Afrikaner vra of ...** (2)

4.4 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM:

Die toeriste het die vakansie geniet.

Begin jou antwoord so: **Die vakansie is ...** (1)

4.5 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Skryf net die antwoord neer.

Die (**verf**) vlae op die bussie sê vir jou watter lande hulle al besoek het. (1)

4.6 Die bussie val more-oggend om 7 vm. in die pad.

Skryf die AFKORTING vir **vm**. in woorde uit. (1)

4.7 Kies die REGTE WOORD tussen hakies.

Skryf net die woord as jou antwoord neer.

Suid-Afrika is my (**gunstelling; gunsteling**) land om te besoek. (1)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 15**

## AFDELING C SKRYFWERK

### VRAAG 5 DIALOOG



Dit is een van die dae jou dertiende verjaarsdag en jou ouers het gesê jy kan jou eie selfoon kry. Jy is baie opgewonde en bel jou beste maat om die wonderlike nuus te deel. Skryf ʼn dialoog waarin jy die nuus meedeel. Jou dialoog moet tussen 85 en 95 woorde wees.

Onthou die volgende:

- Skryf die naam van die persoon wat praat, langs die kantlyn.
- Moenie aanhalingstekens gebruik nie.
- Laat ʼn reël oop voor die volgende persoon praat.
- Gebruik hakies vir ander inligting bv. (saggies) **[8]**

### VRAAG 6 PLAKKAAT



Jy wil ekstra sakgeld verdien en het besluit om jou eie yslollies te maak en verkoop. Jy het geëksperimenteer en het ʼn paar geure wat baie lekker smaak. Jy gaan in jou woonbuurt ʼn stalletjie oprig en dit vandaar verkoop. Jy sal ook op bestelling yslollies maak.

Ontwerp ʼn plakkaat om jou stalletjie en jou produk te adverteer. Gee jou produk ʼn naam en noem die datum en plek en die verskillende geure. Dui aan watter ander lekkernye jy ook gaan verkoop. Versier jou plakkaat sodat dit die oog sal vang en kopers sommer lus sal maak vir ʼn yskoue yslollie.

Die plakkaat moet nie meer as 30 woorde wees nie. **[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 15**

**GROOTTOTAAL: 50**